



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**RELIGIESTUDIES V2**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

**VRAAG 1**

- 1.1
- Morele agteruitgang impliseer die verswakking/vermindering of verlaging van morele standaarde by 'n persoon of veral 'n gegewe groep mense, gemeenskap of samelewing.

**Voorbeelde:**

- As 'n kind daarvan getuie is dat sy ouers vulgêre taal tuis gebruik, sal die kind leer om dieselfde te doen.
- Baie politieke leiers is moreel bankrot. Daarom neem hulle deel aan misdadige aktiwiteite sonder dat hulle gestraf word.
- Hierdie korrupte leiers word deur lojale ondersteuners tot magsposisies verkies.
- Politieke korrupsie lei tot hoë misdaadsvlakke en gevolglike armoede.
- Godsdiensteleiers self bedrieg mense en buit die kwesbare lede van die samelewing uit.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. 'n Maksimum van SES punte mag toegeken word as geen verduideliking van morele agteruitgang gegee word nie.**

(8)

- 1.2
- Moraliteit is nie meer die standaard van uitnemendheid in die samelewing nie, want morele agteruitgang verander kulturele en sosiale norme. Dit laat dit lyk asof immorele gedrag aanvaarbaar is.
  - Dit bevorder openbare aanvaarding van geweld en regverdig diskriminasie en ongeregtigheid.
  - Die samelewing raak minder sensitief vir die pyn en hartseer wat deur morele agteruitgang veroorsaak word.
  - Die politiek het vuil geword; politici het 'n gebrek aan morele beginsels. Dit is so algemeen dat wetsgehoorsame, moreel opregte mense wegbly van die politiek af.
  - Morele agteruitgang beperk geleenthede vir sosiale ontwikkeling en lei tot die verval van die samelewing.
  - Die publiek verloor vertroue in regeringstrukture soos die polisie. Dit gee aanleiding tot 'n styging in boendoegeregtheid ('vigilantisme').
  - 'n Korrupte samelewing lok nie buitelandse belegging nie. Dit lei tot werksverlies.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(12)

1.3 **VOORBEELD 1: ISLAM**

- Volgens die heilige Koran is die fundamentele oorsaak van alle boosheid 'n gebrek aan taqwa (Godsbewustheid).
- Verpligte rituele soos salaas (gebed), vas en pelgrimstogte help almal om jou vlak van Godsbewustheid te versterk.
- Dit bou weer sterk sedes en voorkom dat 'n persoon kwaad doen.
- Die Koran verkondig dat salaas 'n individu van die pleeg van sonde/kwaad red deur sy/haar vlakke van Godsbewustheid te verhoog. (Sura 29:45)
- Islam leer ons dat ons vir die hele mensdom moet goed doen. Die Koran verklaar, 'Enjoin what is good, and forbid what is evil.' (Moedig wat goed is, aan en verbied dit wat boos is.) (Sura 3:104; 9:71)

- Hierdie opdrag vereis nie net dat elke Moslem moet goed doen en hulle van kwaad doen moet weerhou nie, dit beveel dat elke Moslem ander mense moet aanmoedig om dieselfde te doen.
- Dit sal tot 'n moreel opregte samelewing lei.
- Islam plaas groot klem op die gesinseenheid want dit is die boublok van die samelewing.
- Aktiwiteite wat 'n gesin kan vernietig, word swaar gestraf (bv. owerspel, ontug pleeg en middelmisbruik word streng verbied).
- Die ideale Islamitiese gesin begin met die huwelik van 'n gelowige man en 'n aanpasbare gelowige vrou en loop uit op die grootmaak van gelowige kinders (Sura 4:35).
- Gelowiges is verantwoordelik daarvoor om hard te streef om hulleself en hulle gesinne te beskerm teen die verbreking van enige en alle grense van menslike gedrag soos deur Allah beveel (Sura 66:7).
- Istighfar (Berou) is die uiterste Islamitiese skerm teen morele agteruitgang. As 'n persoon gesondig het, is hy verseker dat God dikwels vergewend en genadig is ('oft forgiveness, merciful'), sodat die sondaar nooit hoop verloor en homself sal verlos nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(16)

## **VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

- Volgens ATR word morele agteruitgang in terme van die konsep 'Ubuntu' veroordeel.
- ATR verkondig dat 'Umuntu ngumuntu ngabantu'.
- Dit bevorder wedersydse liefde en respek onder individue, families en gemeenskappe oor die algemeen.
- Dit beteken dat volgens ATR daar geen ruimte vir korrupsie, bv. nepotisme, is nie.
- Harmonie in jouself en in die clan, samelewing, natuur en die geestelike wêreld vorm die basis van 'n gesonde samelewing.
- Wat reg en verkeerd is, word geassesseer deur die impak wat dit op ander mense het.
- In ATR is daar geen ruimte vir verkragting, moord, diefstal, ens. nie.
- Versteuring van harmonie en om nie die lewendes te respekteer nie en lei tot strafbare aksies wat deur die voorvaders/lewende dooies uitgevoer word.
- Diegene wat sedelose lewens lei, word deur die voorvaders gestraf.
- Hulle word ook nie voorvaders wanneer hulle sterf nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. 'n Maksimum van AGT punte mag toegeken word as leringe bloot gelys word en nie bespreek word nie.**

(16)

- 1.4
- Godsdienorganisasies moet met politieke partye saamwerk om oor sedelikheid te preek en mense daarmee vertrouwd te maak.
  - Moedig lede van alle godsdienste aan om voort te gaan om bewaarders van goeie sedes te wees, selfs in hulle werksomgewing.
  - Laat hulle werktuie van goeie sedes word.
  - Godsdienorganisasies moet hulle gemeentelide oplei om in alle sferes van die lewe regverdig op te tree, private en openbare lewe ingesluit.
  - Godsdienorganisasies moet mense steun wat in openbare posities is (sterre, sportpersoonlikhede, ens.) om rolmodelle te wees.
  - Spesiale seminare moet vir sulke mense georganiseer word aangesien daar groter morele uitdagings vir leiers is.
  - Godsdienleiers self moet as voorbeeld van moreel opregte mense dien.
  - Die gemeenskaps- en individuele voordele van godsdienstige waardes moet in preke, toesprake en seminare beklemtoon word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(14)  
[50]

## VRAAG 2

- 2.1      2.1.1      **VOORBEELD1: TAOÏSME**
- Mense is net 'n klein, mikrokosmiese neweproduk van die Tao se kreatiewe aktiwiteit.
  - Mense is nie spesiaal nie en beheer ook nie die wêreld nie.
  - Hulle word nie benodig om dit te versorg nie.
  - Die wêreld en die heelal sal voortbestaan of menslike wesens voortbestaan of nie.
  - Die wêreld sal die vorm wat Tao ook al daaraan wil gee, aanneem.
  - Mense het die potensiaal om slegs 'n baie klein gedeelte van die skepping te vernietig.
  - Selfs al word 'n klein gedeelte vernietig, sal die ongelooflike en oorfloedige kreatiewe aktiwiteit van die Tao voortduur.

### **VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS**

- Mense is na die beeld van God geskep.
- Adam en Eva is beveel om na die Tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- Mense is God se verteenwoordigers op aarde.
- Hulle is aangestel om na Sy eiendom te kyk.
- God het mense beveel om oor alles in die wêreld te heers.
- Hulle is aan God verantwoordelik.
- Mense heers oor alles in die skepping aangesien hulle na God se beeld geskep is.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(10)

**2.1.2 VOORBEELD 1: TAOÏSME**

- Die Taoïstiese siening van die dood is dat ons die lewe moet waardeer om die dood te aanvaar.
- Wanneer jy besef dat wat die lewe wonderlik maak, die sikliese prosesse daarvan is, word dit makliker om te aanvaar dat die lewe tot 'n einde kom. Daarom die aanvaarding van die dood.
- In hierdie godsdiens is die doodeenvoudig 'n proses van transformasie waar jy van een vorm na die volgende gaan.
- Dit beteken dat jy van die begin af deel van die heelal was en sal voortgaan om beide vreugde en hartseer te ervaar.
- Jy het nie die lewe na die dood in een of ander hemel nodig nie, of een of ander sikliese lewe na die dood wat in Hindoeïsme gevind word.
- Jy word eenvoudig getransformeer en eindig iewers anders op.

**VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS**

- Volgens die Christelike godsdiens eindig die lewe nie met die dood nie, maar duur voort anderkant die graf.
- Die dood is nie die einde van die lewe nie maar 'n fase in die reis van die mensdom.
- Sondaars gaan hel toe waar hulle gestraf word.
- Diegene wat 'n heilsame lewe gelei het, gaan 'n nuwe fase, genoem die paradys, binne.
- Op die laaste dag sal die gewone wêreld nie meer bestaan nie. Die heerskappy van God sal seëvier.
- Slegs diegene wat volgens die wil van God gelewe het, sal die ewige lewe verkry.
- Daar is 'n opstandingsdag waartydens die goeie en die bose geoordeel sal word volgens hulle handeling in hierdie wêreld.
- Opstanding impliseer dat die lewe 'n doel en verantwoordbaarheid het.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(10)

**2.2**

- **GRAMMATIKA EN HISTORIESE KONTEKS:**
- Vir akkurate interpretasie moet die grammatikareëls en die historiese feite in ag geneem word.
- Die beteken dat die geskryfte binne die konteks van die tyd en omstandighede waarin die teks geskryf is, verstaan moet word.
- **DUIDELIKSTE BETEKENIS:**
- Die betekenis wat vir die leser die duidelikste is, moet in ag geneem word.
- **PLAN, DOEL EN KONTEKS:**
- Die skryfplan of struktuur van die hele dokument moet in ag geneem word.
- 'n Uittreksel moet as deel van die geheel beskou word.
- Bv. Is die skryfwerk in die vorm van poësie of prosa?
- **BETEKENIS VAN WOORDE:**
- Die betekenis van woorde verander dikwels oor tyd en konteks.
- Vir die korrekte interpretasie moet die oorspronklike betekenis in ag geneem word.

- **FIGURATIEWE TAAL:**
- Figuratiewe taal word algemeen in heilige tekste gebruik.
- Dit moet as sodanig geïdentifiseer word, sodat dit nie letterlik geïnterpreteer word nie.
- Figuratiewe taal vereis die toepassing van al die ander hermeneutiese beginsels vir korrekte interpretasie.
- **ANDER HEILIGE TEKSTE:**
- Een heilige teks kan gebruik word om ander heilige tekste van dieselfde godsdiens te interpreteer.
- Dit is omdat daar konsekwentheid tussen die leringe van die godsdiens en die heilige tekste daarvan moet wees.

(16)

- 2.3
- In alle godsdienste is die oorspronklike inspirasie eers volgens die mondelinge tradisie versprei.
  - Dit beteken dat die oorspronklike boodskap van geslag tot geslag mondelings oorgedra is.
  - Die mondelinge tradisie was regdeur die geskiedenis van godsdiens 'n normatiewe bron van primêre belang.
  - Die tegnologie van skryf/skrif het ongeveer 4 000 jaar gelede by godsdiens betrokke geraak.
  - Mondelinge tradisies wat neergeskryf is, het meer rigied geword.
  - Die heilige teks, bv. vir die Christelike godsdiens, is die Bybel.
  - Dit bevat die leringe van Jesus Christus. Dit is eers mondelings van geslag tot geslag oorgedra.
  - Abrahamitiese gelowe plaas meer klem op heilige tekste as Oosterse godsdienste.
  - Dit is omdat die eersgenoemde glo dat hulle heilige tekste goddelik geopenbaar is.
  - Deesdae komplementeer die mondelinge tradisie geskrewe heilige tekste.
  - By sommige godsdienste (bv. Afrika Tradisionele Godsdiens) bly die heilige teks in die vorm van die mondelinge tradisie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(14)  
[50]

**VRAAG 3**

- 3.1 **VOORBEELD 1: ISLAM:** (4)
- Soenni- en Sjia-vertakkings
- 3.2 3.2.1 **VERSKILLE IN BESTUUR/BEHEER/LEIDING SOENNI**
- Daar is geen geestelike leiers in Soenni-Islam nie.
  - Enige Moslem kan op gemeenskaprade dien.
  - Bestuur/Beheer/Leiding is gemeenskapsgebaseerd.
  - Geleerdes van Islam (ulema) en gemeenskapslede (vrywilligers) dien op bestuursrade van moskees, madrassas en skole.
- SJIA**
- Sjia-Moslems vereer die afstammeling van die Profeet Mohammed en glo dat hulle die goddelike reg het om Moslems te bestuur.
  - So 'n leier staan as 'n 'imam' bekend.
  - Die finale woord by enige onsekerheid oor enige godsdienstige of politieke kwessie lê by die verteenwoordiger van die imam.
  - Bestuur/Beheer/Leiding is in die hande van moellas (priesters) wat by godsdienstige dekreet bestuur. (12)
- 3.2.2 **VERSKILLE IN LERINGE SOENNI**
- Soenni verwys na 'volg' die sunnah (voorbeeld) van die Profeet Mohammed.
  - Die Hadith, vertel deur die metgeselle van die Profeet, het ewe veel status as dit wat deur sy familieledede vertel word.
  - Die Soenni-vertakking glo dat al die leringe wat in die Boeke van Hadith bevat word, ewe belangrik is.
  - Soenni's volg die leringe van geleerdes uit die 7de en 8ste eeue.
  - Soenni's aanvaar nie dat 'n kalief uitsluitlik uit die Profeet se familie kan kom nie.
- SJIA**
- 'Sjia' beteken 'partisaan' of 'aparte party'.
  - Die Hadith wat deur die metgeselle van die Profeet vertel word, het minder betekenis as daardie wat deur sy familieledede vertel word.
  - Die Sjia volg slegs die leringe en opinies van 'n lewendige geleerde.
  - Hulle glo dat die laaste kalief wat uit die Profeet se familie gekom het, in 'n grot versteek is en eendag weer as leier te voorskyn sal kom. Hy staan as 'imam' bekend. (12)

### 3.1 VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS

- Katolisisme/Oosters-Ortodokse Kerk/Protestantisme

(4)

### 3.2 3.2.1 VERSKILLE IN BESTUUR/BEHEER/LEIDING KATOLISISME

- Die hoof van Katolisisme is die Pous.
- Die magsentrum van hierdie vertakking is die Vatikaan.
- Die Katolieke vertakking het baie ordes, naamlik monnike, nonne, priesters en kloostermonnike ('friars').
- Die Katolieke vertakking word op gemeentevlak gelei deur priesters, dekanies deur dekens, bisdomme deur biskoppe en aartsbisdomme deur aartsbiskoppe.
- 'n Kardinaal kan óf 'n hele land óf 'n geografiese streek lei.

#### OOSTERS-ORTODOKSE KERK

- Politieke beheer was tradisioneel in Konstantinopel (Istanboel).
- Deesdae is dit gedentraliseerd.
- Hierdie vertakking word deur priesters en biskoppe beheer.
- Gesag in die kerk is in die hande van 'n groep biskoppe.
- 'n Bisdom is 'n groep gemeentes onder die leierskap van 'n biskop en aartsbiskoppe.
- Hulle is as geestelikes (predikers), priesters, biskoppe en aartsbiskoppe ingeseën.

#### PROTESTANTISME

- Die kerke word beheer deur ingeseënde predikante en biskoppe of gekose Oudstes.
- Algehele bestuur is deur 'n hoër gesag soos 'n sinode of algemene vergadering waarvan die biskop die voorsitter is.
- Sommige Protestante kerke is onafhanklik en nie aan enige hoër gesag as die gemeente self verantwoordbaar nie.
- By Protestantisme is elke kerk onafhanklik.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(12)

### 3.2.2 VERSKILLE IN LERINGE KATOLIEKE

- Die Katolieke Kerk glo dat hulle die oorspronklike kerk is.
- Hulle glo dat almal in sonde gebore is as gevolg van Adam en Eva se ongehoorsaamheid aan God.
- God bestaan uit drie persone: Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die Heilige Gees kom van God die vader en die Seun.

#### OOSTERS-ORTODOKSE

- Die Drie-eenheid en die Heilige Gees word anders as die siening van die Katolieke Kerk verstaan.
- Hulle verkondig dat die Heilige Gees slegs van God die Vader kom.
- Hulle glo dat hulle die regverdig geleide kerk is.

#### PROTESTANTISME

- Die Bybel het meer gesag as die Pous.
- Hulle verkondig dat geloof die weg na verlossing is.
- Hulle verkondig dat verlossing 'n geskenk is wat vrylik deur die werk van Jesus Christus gegee word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(12)



3.3 **VOORBEELD 1:**• **AGNOSTISISME**

- Hierdie term is in 1869 die eerste keer deur 'n filosoof, TH Huxley, gebruik. Agnostiese idees antedateer die gebruik van die term 'agnostisisme'.
- Agnostisisme kom van die Grieks 'a', wat beteken 'sonder' en 'gnosis' wat 'kennis' beteken.
- Agnostici glo dat dit nie moontlik is om die bestaan van God of 'n bonatuurlike wese te bewys, of nie.
- Dit verwys na onsekerheid oor Godskennis.
- Agnostici is skepties oor godsdiensteringe.
- Hulle verwerp godsdienstige leerstellings, veral godsdienste wat beweer dat hulle kennis van goddelike wesens het.

**VOORBEELD 2:**• **ATEÏSME**

- Ateïste verwerp die geloof dat goddelike of bonatuurlike magte bestaan.
- Daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese sienings te ondersteun.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie die bestaan van 'n bonatuurlike wese aktief nie.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings van bewyse afhang om hulle bewerings te ondersteun.
- Ateïste wend hulle dikwels na die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik eerder as om op geloof staat te maak.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(12)

## 3.4

- 'n Sekulêre wêreldbeskouing lei tot die ontwikkeling van demokratiese regering.
- Sekulêre wette het die hoogste wette van die land geword.
- Die meeste godsdienstige mense het by die sekulêre siening aangepas deur die skeiding van godsdienste en die staat te aanvaar.
- Dit bevorder gewetensvryheid en geloof.
- Dit gee 'n raamwerk van beginsels en etiese riglyne vir die lewe.
- Die samelewing is vry om die gesag van godsdienstige leringe te bevraagteken.
- Sekulêre sienings het tot die bevordering van wetenskap en tegnologie gelei.
- Sekulêre sienings het tot die ontwikkeling van die Universele Verklaring van Menseregte gelei.
- Dit verminder godsdienstige konflik aangesien alle godsdienste ewe veel status volgens wet het.
- Met betrekking tot negatiewe impak, het sekularisme godsdienstige aanhang ondermyn.
- Daar kan ook aangevoer word dat dit tot 'n afname in moraliteit gelei het.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**(14)  
[50]

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1

**VOORBEELD 1: TAOÏSME**

- In Taoïsme kom die wêreld en alles daarin outomaties as deel van die Tao se aktiwiteit tot stand.
- Dit is nie beplan nie, maar dit is ook nie onbeplan nie.
- Die Tao het nie beplan dat die wêreld bestaan nie, dit wou ook nie hê dat die wêreld nie bestaan nie.
- Taoïsme weerspreek nie die Oerknalteorie nie.
- Wetenskaplik is die wêreld nie deur enige God of gode geskep nie, dit het per toeval gebeur. Die wêreld het eenvoudig te voorskyn gekom as 'n klein spikkeltjie in die enorme 'bak/'kom' van die skepping soos wat die Tao op sy weg voortgegaan het.
- Volgens Taoïsme bestaan die wêreld uit prosesse van skepping en vernietiging.
- Dit kom ooreen met die Oerknalteorie wat beweer dat daar 'n enorme ontploffing was.
- Die heelal het binne sekondes verskyn en tot 'n enorme grootte uitgedy.
- Volgens die wetenskap brei die heelal voortdurend uit. Daar is geen rusperiode nie.
- Die Taoïstiese siening van die heelal is grootliks gebaseer op hulle waarneming van die natuur en die menslike wêreld.
- Die Oerknalteorie is ook op waarneming van die natuur en die menslike wêreld gebaseer.
- Gevolglik Taoïsme se aanvaarding van die Oerknalteorie.

**VOORBEELD 2: HINDOEÏSME**

- By Hindoeïsme bestaan die Skepper in óf aktiewe óf passiewe toestand.
- Die passiewe toestand is 'n toestand van rus wanneer niks gebeur nie.
- Wetenskaplik was die passiewe toestand voor die Oerknal.
- Ná 'n baie lang tydperk het die Skepper weer aktief geword.
- Dit is toe 'n gedeelte van die heelal anders as ander gedeeltes geword het, en skepping begin het. Vir Hindoes is die heelal self die Skepper.
- Dit weerspreek nie die Oerknalteorie nie.
- In Hindoeïsme is die Skepper nie manlik of vroulik nie.
- Geen Skepper word in die Oerknalteorie genoem nie.
- Hindoes glo dat die Oerknalteorie 'n alternatiewe manier is om te verduidelik hoe die heelal tot stand gekom het.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.'n MAKSIMUM van TIEN punte mag toegeken word as slegs die godsdienst OF Oerknalteorie bespreek word.**

(14)

- 4.1.2
- Darwin se evolusieleer het 'n alternatiewe verduideliking van die skepping verskaf wat van die Abrahamitiese godsdienstige se verduideliking van die skepping verskil.
  - Hierdie teorie gee 'n verduideliking wat nie die idee van 'n intelligente ontwerper vereis nie.
  - Darwin se teorie/leer het dus die betroubaarheid van die Abrahamitiese heilige tekste uitgedaag.
  - Gevolglik het die meeste mense begin om die Genesis-verhaal van die skepping as simbolies te vertolk.
  - Hierdie teorie het veroorsaak dat diegene wat in die Abrahamitiese godsdienste glo, begin het om die heilige tekste meer noukeurig te ondersoek.
  - Darwin se teorie het ook godsdienstige mense aangespoor om die wetenskap te bestudeer.
  - Godsdienste het gereageer met die konsep van 'intelligente ontwerp', om die variasie in spesies te verduidelik.
  - Oosterse godsdienste, soos Hindoeïsme en Taoïsme, word nie deur Darwin se teorie geaffekteer nie.
  - Dit is omdat hulle minder klem op regte geloof en meer klem op regte aksie/optrede/handeling lê.
  - Hindoeïsme glo aan die evolusie van die siel en dit kom ooreen met Darwin se teorie.
  - In Taoïsme het mense nie spesiale status nie, hulle is slegs die gevolg van Jin en Jang, net soos Darwin se teorie mense nie spesiale status gee nie.
  - Vir volgelinge van die Abrahamitiese gelowe, (die Christelike godsdiens in besonder) daag Darwin se teorie beslis hulle godsdiens se siening uit.
  - Die Oosterse godsdienste is meer gesinchroniseerd met Darwin se teorie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. ‘**

**(12)**

**4.2 VOORBEELD 1: INTERFAITH ACTION FOR PEACE IN AFRICA (IFAPA)**

- Hierdie organisasie werk saam met godsdienstige gemeenskappe op die kontinent wat een van die hoofredes vir die sukses daarvan is.
- IFAPA werk nie in isolasie nie; hulle werk nou saam met ander godsdiensorganisasies.
- IFAPA is suksesvol met hulle poging om met soveel godsdienste as moontlik inklusief te wees, bv. dit sluit in Afrika Tradisionele Godsdienste, Judaïsme, Christenskap, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, Baha'i-geloof.
- Hierdie organisasie het daarin geslaag om afvaardigings na konflikgebiede te stuur. Lede van die afvaardiging het bygedra tot die saambring van konflikterende groepe om begrip en samewerking te verbeter.
- Die organisasie het burgerlikes, die private sektor en regerings suksesvol byeengebring; een van die redes vir hulle prestasie.
- Ten spyte van hierdie pogings het die organisasie nie daarin geslaag om permanente, blywende vrede tussen konflikterende groepe te bring nie.
- Die rede hiervoor is politieke inmenging.
- Hulle sukses word ook verhinder deur kulturele en stamgroepe wat godsdiens in die nastreef van hulle doelwitte gebruik.

**4.3 VOORBEELD 2: RAAD VIR GODSDIENSTIGE LEIERS IN AFRIKA-RELIGIONS FOR PEACE**

- Hierdie organisasie het geslaag as gevolg van hulle beginsels en waardes van respek en verdraagsaamheid vir godsdiensverskille.
- Dit het ook geslaag want dit wend altyd 'n poging aan om vreedsame saambestaan tussen 'n verskeidenheid godsdienste aan te moedig.
- Hulle handeling is ook op diepgaande en hoofsaaklik gedeelde morele kwessies oor waardes gebaseer.
- Nog 'n rede vir hulle sukses is die bevordering en beskerming van elke godsdiensgemeenskap se identiteit.
- Die erkenning van godsdienstig diverse gemeenskappe in Afrika het ook tot hulle sukses gelei.
- Hulle ondersteun plaaslike geleide multigodsdienstige strukture onder die sambreel van Religions for Peace.
- Hulle onderhou die beginsels van verteenwoordiging, ondergeskiktheid en solidariteit.
- Hulle het aan die World Social Forum deelgeneem
- Alhoewel daar suksesse in hierdie organisasie was, was daar ook 'n paar mislukkings.
- Die mislukkings is hoofsaaklik die gevolg van politieke inmenging.
- **LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(14)

- 4.3
- Die stigting van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste het in 1893 in Chicago plaasgevind.
  - Die doel daarvan was om 'n globale dialoog oor gelowe te skep.
  - Die Parlement is weer in 1993 in Chicago gehou om saam te werk om wêreldkwessies en om 'n verklaring met die titel 'Towards a Global Ethic' op te stel.
  - Die Kaapstadse Parlement het in 1999 die kwessie van MIV en Vigs beklemtoon.
  - Die Parlement het in 2004 in Barcelona, Spanje, byeengekom en op godsdienstige geweld, veilige water, vlugteling en die eliminering van eksterne skuld in ontwikkelende lande gefokus.
  - Die fokus in 2007 was op die Millennium Development Goals vir die uitwissing van armoede.
  - Die Parlement het in 2009 in Melbourne, Australië, byeengekom en het kwessies rondom rekonsiliasie van Australiese inboorlinge, volhoubaarheid en globale aardverwarming hanteer.

(10)  
[50]

**TOTAAL: 150**